



Presidente: Kamp Paasnaweek by mooi oord @ R150 per nag

Kyk na die foto's en besluit vir jouself

Die Presidente saamtrek oor die Paasnaweek word vanjaar weer by Klipdraai (Meyerton) gehou. Dis 'n mooi, nuwe oord wat sterk aanbeveel kan word. Dan is dit ook nog teen die spotgoedkoopprys van R150 per nag vir Sawa-lede. So as julle nog nie reëlings vir die Paasnaweek het nie, moet julle dadelik plek bespreek by die Sawa-kantoor. Die besprekingsvorm is op bladsy 3.

Die mense wat reeds by Klipdraai gekamp het kan nie uitgepraat raak nie en is baie beïndruk met die ablusie-geriewe en fasiliteite soos swembaddens (warm en koud), mini-gholfbaan, jukskei- en vlugbalbane, mooi tuine en staanplekke. Dis modern en 'n yslike verbetering op waar die Presidente in die verlede gehou is.

Elke Kiepersoller word vriendelik uitgenooi om by die Presidente-saamtrek te kom kamp. Om vir R150 per nag oor die Paasnaweek by so 'n mooi oord te staan is uitstekende waarde vir geld.

Dis nie ver nie (ongeveer 100 km van Centurion) en al die pad snelweg. Dis in Meyerton langs die Kliprivier geleë en daar is 'n mooi klompie wild ook.

Dis 'n lekker saamtrek waar 'n gesonde balans tussen pret, plesier en die godsdienstige aard van die naweek gehand-haaf word. Daar word besondere aandag aan die Paasgebeure gegee sodat hierdie belangrike saak sterk beklemtoon word.

Vanjaar se Presidente-saamtrek sal vir die 31ste agtereenvolgende jaar plaasvind. Diegene wat die naweek nog langer wil maak kan al vanaf Dinsdag 26 Maart by Klipdraai gaan kamp.

Die 'Presidente' is 'n tradisie. Lewenslange vriendskappe is al by hierdie besondere geleentheid gesmee en tradisioneel is dit een van die belangrikste gebeure op die Sawa-kalender.

Die besprekingsvorm is op bladsy 3. Vul dit in en stuur aan Sawa-kantoor. (Navrae: 011 918 0699).

Daar word ook getrou en konfrensies gehou



Voor die kapél



Daar is twee swembaddens, warm en koud

Nog foto's op die volgende bladsy



Mooi uitgelegde mini-gholfbaan

Die netheid van die oord val 'n mens op

Hier is wat jy moet doen om te bespreek

Paasnaweek vanaf 28 Maart 2013.
Voorafkamp vanaf Dinsdag 26 Maart
Plek: Klipdraai (Meyerton)

Tarief: R150 per nag + plaatjiegeld (lede)
Bespreek by Sawa-kantoor: 011 918 0699
Besprekingsvorm is op bladsy 3

Vergeet van jou sorge Paasnaweek by Klipdraai



*Nuwe, moderne
ablusieblokke*



*Dis duidelik waar die vrou en
mans se badkamers is*



*Teëls op vloere en teëls
en spieëls bo wasbakke*



*Daar is 'n warm en koue
swembad*



*Beeld van 'n luiperd in die
tuin*



*Spuifonteine helder die
landskap op*



*Perdewa in die oord
(Foto: Hettie Smith)*

*Berigte
en
foto's
deur
Johann Lemmer*



*Sagte sand vir vlugbal-
en jukskeibane*



*Oral is braaiplekke
aangebring*



*Staanplekke meestal gelyk met
grasperke, grond klipperig*



*Wildebeeste en kleiner
boksoorte*

BESPREKINGSVORM VIR PRESIDENTE-SAAMTREK

28 MAART 2013 TOT 1 APRIL 2013 TE KLIPDRAAI.

Voltooi die vorm moet die kantoor bereik **voor of op 11 Maart 2013**. Faks of e-pos bewys van inbetaling na die SAWA-kantoor. (Faks nr: 088 011 918 0699, e-pos sawa@absamail.co.za). Senior burgertarief is R150.00 per nag vanaf Dinsdag 26 tot Woensdag 27 Maart 2013 (R300.00 plus R 10.00 vir plaatjie)

Naweektarief vanaf 28 Maart tot 1 April 2013 (4 nagte) is R620.00 per huisgesin van 4 persone per staanplek (Pa, Ma en skoolgaande kinders). Een motor per staanplek. Addisionele motors R30.00 per dag en sal by aangewyste parkeerarea moet parkeer. (Geen tweede motor word in woonwapark toegelaat nie).

Besoekers (nie Sawa-lede) betaal R200.00 per nag vir 4 persone (Pa, Ma en skoolgaande kinders)

INDIEN VOOR 28 MAART 2013 OP EIE BESPREKING KAMP, KONTAK ASB STREEK VAALRVIER VIR TOEGEWYSTE STAANPLEK, ANDERS GAAN VAN U VERWAG WORD OM NA INGEDEELTE STAANPLEK TE SKUIF (FRANS KLOPPERS - 082 336 7009, SONDRRA KOEKEMOER - 076 042 1002).

VUL IN ASSEBLIEF

Naam:

Lidnommer: Streek: Kiepersol

Volwassenes: Kinders:

Merk asb. die volgende: R 620.00 Naweektarief (Sawa-lede)
R 930.00 Senior burgertarief
R 150.00 Per dag staanplek vir 5 dae = R750 + Plaatjiegeld
R 800.00 Naweektarief nie Sawa Lede

Senior burgers kan by streke ingedeel word of kan as groep by mekaar staan (**merk asb.**)

A: Staan by streek

B: Staan by senior burgergroep vir vyf nagte = R750 + Plaatjiegeld.

Betaal asseblief alle gelde in SAWA rekening:

Rekening by ABSA – 230 155 771 Takkode – 632 005, Tjekrekening

Verwysing - Lid nr OF voorletters en van en streek naam asb.

Faks asseblief besprekingsvorm en depositostrokies na 088 011 918 0699 of epos aan: sawa@absamail.co.za of pos aan SAWA, Posbus 15448, Impala Park 1472.

BELANGRIKE INLIGTING

Senior burgers en ander lede kan reeds vanaf Dinsdag 26 Maart 2013 die saamtrek bywoon.

Lede word aangemoedig om SAWA-drag te dra tydens Vrydag- en Sondagoggend eredienste.

Vooraf bespreking belangrik om kamp indeling sinvol te beplan. Indien nie vooraf kan betaal nie, moet rekening tydens aankoms by die kampkommandante by hek vereffen word.